Bettysbaai Buurtwag

Noodnommer: 072 015 5729
Sameroeper 082 528 6053
E-posadres:bbaynhw16@gmail.com

BBBW INFOBULLETIN 5 VAN 2020

Geagte Lede

INLEIDING

1. Ek wil graag almal bedank vir hul insette, voorstelle en misdaadaanmelding. Dankie ook aan almal wat geldelike bydraes gemaak het. Ons sou egter meer effektief wees indien meer passiewe lede aktiewe lede word.

ONS STATUS

2.

Persele/erwe/huise	2953
Oop erwe (voor grendeltyd)	1043
Ontwikkelde erwe	1910
Permanente eienaars/huurders	505
Vakansiehuise	251
Onseker of permanent of vakansiehuis	1144
Totale aantal lede-huishoudings	730
Totale aantal lede op databasis	1040
Lede op e-pos	744
Lede op WhatsApp	109
Lede op Telegram	467
Passiewe lede	576
Potensiële oë en ore	1040

Daar is baie oop erwe wat boupersele geword het. Ons sou graag wou weet waar dit is om te kan vasstel wie besig is om te bou en wie daar bly terwyl daar gebou word.

Daar is heelwat huise waarvan ons onseker is of dit permanente of vakansiehuise is. Hierdie is belangrike inligting waarmee straat- en areaverteenwoordigers kan help.

STRAAT- EN AREAVERTEENWOORDIGERS

3. Soos aan u bekend, is ons op u aangewese vir inligting om ons almal veilig te hou. Alle passiewe lede is ons oë en ore van die buurt. Daar is lede wat gaan stap en hul honde uitneem wat meer aktief betrokke kon word, om enige veranderinge in hul strate en omgewings te kan rapporteer. Ons moedig u dus sterk aan om meer aktief betrokke te raak as straat-/areaverteenwoordigers.

NUWE EN OU RADIO'S

4. Die nuwe radio's blyk baie beter en meer doeltreffend te wees as kommunikasiemiddel. Dankie aan almal wat dit moontlik gemaak het. Elke aktiewe lid van die BBBW wat 'n selfoonradio het, betaal self daarvoor aangesien die Buurtwag nie oor fondse beskik vir die maandelikse selfoonradio kontrakte nie.

5. Die ou radio's sal behou word en aan areaverteenwoordigers uitgereik word vir area-patrollies en spesiale operasies in samewerking met sekuriteitsmaatskappye.

KAMERASTELSELS

6. Ons het Jaco van Wyk van NAVIC genooi om 'n aanbieding te doen oor die waarde en belangrikheid daarvan om deel te wees van 'n stelsel met die oog op die hede en die toekoms.Daar is ooreengekom op hierdie stelsel en aanvaar as een van die werktuie wat BBBW en die sekuriteitskluster sal oorweeg in die belang van gemeenskapsveiligheid. Daar is tot die besef gekom dat befondsing en die praktiese uitvoer in-diepte bespreek sal moet word en oplossings gesoek sal moet word voor die in-werkingstel daarvan. Daar is ook ooreengekom dat die sekuriteitshoofde en 'n aantal uitvoerende lede van die BBBW sal vergader om die pad vorentoe te bespreek. Hierdie verteenwoordig ook 'n groot en lopende uitgawe, en befondsing sal verkry moet word vir die radio's en kameras vorentoe. Raad en aanbevelings sal verwelkom word.

MISDAAD (ALGEMEEN)

7. Misdaad is beslis aan die toeneem. Ons doen aan die hand dat alle inwoners met hul onderskeie sekuriteitsmaatskappye in gesprek sal tree met die oog op opgradering van ou stelsels en batterye. Dit is nou 'n feit dat misdadigers maniere uitgedink het om ou stelsels te omseil. My persoonlike raad aan u om waarde toe te voeg aan u veiligheidstelsel is om 'n IP PTZ-kamera te verkry. U sou selfs u kamera met ons kon deel vir verdere inligtingversameling en permanente oë op sekere plekke.

8. Ons het ook nou besef dat die Ko-ordineerder van Misdaadtoneelinligting (Gerald) hulp gaan benodig in die optekening van inligting en die besoek van misdaadslagoffers. Ek versoek dus alle misdaadslagoffers om ons te kontak wanneer die polisie vertrek het, en met ons te praat sodat ons meer gedetaileerde inligting kan saamstel om daarmee te kan werk. Dit is baie belangrik om tendense te kan vasstel en om misdaad te kan voorspel. Selfs al het u nie die misdaad aan die polisie gerapporteer nie, kontak ons asb sodat ons u inligting kan byvoeg tot die databasis.

MISDAADRAPPORTERING

9. Dit is ons plig om u ingelig te hou rakende alle aangeleenthede. Daarom dan die Bulletins. Ons kan egter nie te veel inligting verskaf via alle groepe en e-pos nie. ONS MAG SLEGS MISDAADSTATISTIEK VERSKAF AANGAANDE TIPE MISDAAD EN AREA. Die res van die inligting waroor ons beskik is vertroulik vir voor-die-hand-liggende redes.

10. Moet asb. nie op ons BBBW-nood- en misdaadaanmelding-groepe vrae vra of agterdogwekkende optredes aanmeld of vra dat iemand bygevoeg word of misdaadsyfers bevraagteken nie. SLEGS NOODGEVALLE EN MISDADE IN PROSES WORD HIER AANGEMELD. As u enigiets anders wil weet, kontak my by 0829281260 of vir Rob 0825286053.

11. L.W. Ons meld nie stropery aan op ons noodgroepe nie aangesien ons oor ander spesifieke groepe op WhatsApp hiervoor beskik.

a. Sea Watch 082 884 9300
b. Betty's Bay Marine Watch 083 383 1462
c. Marine Watch Overstrand 076 878 8860
d. DEFF Tans onseker
e. MAPU 060 907 2326
f. Cape Nature 082 453 0835

Hou asb. in gedagte dat al hierdie agentskappe met mekaar in verbinding is en verskillend reageer op verskillende tye en op verskillende maniere. Al ons inligting gaan na een of meer van hierdie agentskappe elke keer as u 'n insident aanmeld.

SAMEWERKING MET SEKURITEITSMAATSKAPPYE

12. Samewerking met die sekuriteitsmaatskappye het ons gesamentlike pogings meer professioneel gemaak, en het 'n belangrike hupstoot gegee aan ons poging om misdaad te voorkom. Daar is ook besluit om pogings van verskillende aard te beplan om as afskrikmiddel te dien vir misdaadaktiwiteite, en selfs om misdadigers aan te keer in die nabye toekoms.

KRITIEK GEMIK OP ONS BBBW

13. Daar is 'n groep mense wat uiters krities staan teenoor ons pogings en wat ons doen en hoe ons dit doen. Meestal vanaf voormalige buurtwaglede, voormalige wie-weet-watter lede en allesweters. Ons is vrywilligers wat probeer omsien na 'n bepaalde aspek van gemeenskapsveiligheid. Ons is nie perfek nie en beskik nie oor al die antwoorde nie. Tog is ons daar buite om in ons eie tyd met ons eie finansies en hoofsaaklik ons eie hulpbronne na almal se veiligheid te help omsien. Wanneer u hierdie negatiewe mense teëkom by 'n Bettysbaaiforum of -assosiasie, by die haarkapper, by die winkels of by 'n braai, help hulle om te verstaan dat hul nie enige positiewe bydrae lewer deur onwaarhede te versprei aangaande ons BBBW nie.

ALGEMENE INLIGTING

14. BBBW-lede is uitgenooi om die basiese bekwaamheidskursus te doen ten einde beter toegerus te wees om met die sekuriteitsmaatskappye te kan saamwerk. Dit is iets wat ons sal ondersoek.

15. Patrollies: Ongelukkig is die patrollering van die dorp per voertuig nie meer 'n algemene opsie nie. Ons weet nou hoedat misdadigers ons bewegings vasstel en ons moet dus ons optrede aanpas. Ons beskik oor ander hulpbronne om dieselfde doelwit te bereik.

16. Noodgevalle: Ons as vennootskap het ooreengekom op wat 'n noodgeval definieer, en sal in staat wees om enige noodgeval te hanteer en te weet waarheen dit verder kan ontwikkel.

17. Ons werk aan 'n platform waar lede binne verskillende zones 'n hanteerder sal hê, en dat die hanteerder dan u eerste kontakpunt sal wees tydens 'n noodgeval, om sodoende reaksietyd te verkort. Dit is nog nie in plek nie.

18. 'n Datum is vasgestel vir die laaste Woensdag van elke maand by die Crassula-saal teen R100.00 per vergadering om deur die BBBW oorgeneem te word. 'n Versoek om die vergaderings by te woon om te sien wie ons is en hoe ons ons sake hanteer, kan gerig word. Daar sal ook die geleentheid wees om vrae te vra.

GRONDBESETTINGS

19. Hierdie is ‘n belangrike en dringende saak. As enigiemand bewus raak van ‘n struktuur wat opgeslaan word op ‘n erf, stuk grond of in ‘n agterplaas, stel ons asb onmiddellik in kennis. Dit sal as ’n noodgeval beskou word. Ons sal dan duidelikheid verkry en die betrokke owerhede inlig.

FINANSIES

20. Dit het duidelik geword dat die BBBW befondsing benodig, en dat die enigste manier om dit te doen, skenkings vanaf die publiek en fondsinsameling is. Ek sou egter enige tyd ‘n groep vrywilligers akkommodeer wat fondse wil insamel vir ons op ‘n permanente basis.

Die rekeningbesonderhede is soos volg:

BBRA Current Account ABSA Hermanus
Takkode 632005
Rekeningnommer 4066 6164 39

As u ‘n bydrae maak, noem asb BBNW en u erfnommer (BBNW4233).

21. Die BBBW is ‘n dinamiese en gestruktureerde organisasie ontwerp om misdaad te voorkom in Bettysbaai. Dit kan egter net werk as almal betrokke raak.

Dit gaan u goed en bly veilig.



Wayne Jackson

0829281260
wayrayjack@gmail.com

STRUKTUUR